

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NOMMER 9 VAN 2022

7 April 2022

Geagte Ouer/Voog, Leerder en Personeel

Welkom terug na die vakansie. Ons glo almal het uitgerus en sien weer kans vir die nuwe kwartaal.

Atletiek:

Atletiek: Gedurende die vakansie het die skole-SA's en klub-SA's plaasgevind. Randburg is goed by beide hierdie byeenkomste verteenwoordig en ons atlete het uitsonderlik presteer.

Atletiek 2022								
Atleet	Skole SA's				Klub SA's			
	Goud	Silwer	Brons	Plek	Goud	Silwer	Brons	Plek
Onder 19/20								
Kayla La Grange		100m			100m			
		200m			200m			
Zonica Lindeque	Gewigstoot				Gewigstoot			
Dane Kotze	Aflos			200m 8ste				
Kimberley Swanepoel				1500m 5ste				
Jolandi De Beer			3000mH 6e				3000mH 8ste	
Reece Parkin				net uitdun 400mH			400mh 6de	
Onder 17/18								
Kaili Botje	200m		100m				200m	100m 4de
	Aflos							
Chane Vermeulen	Aflos	200m		100m 4de				100m 8ste
								200m4de
Mignon La Grange				Gewigstoot 4de			Gewigstoot	
				Diskus 7de			Diskus	
Mia Le Roux				400m 4de				net uitdun 400m
Jolene vd Walt								net uitdun 100mH
Marco Prins				800m 6de				800m 6de
Onder 15/16								
Liam Benade v Niekerk				800m 10de				
Josh Wiggett				Spiesgooi 5de				Spiesgooi 10de
Liam Visser								1500mH 8ste

Bloot om hier te kon deelneem, is reeds 'n prestasie van noemenswaardige gehalte. Baie geluk aan elkeen wat ons skool verteenwoordig het. Ons is baie TROTS op julle.

Wintersporte:

Ons rugbyspanne het 'n oefenkamp by die skool gehad en selfs verder in die vakansie geoefen. Ons is vol afwagting om die effek van hierdie oefeninge op die veld te kan sien.

Ons netbalspelers het aan toernooie by Menlopark en Middelburg deelgeneem. Ons glo elkeen het waardevolle ervaring opgedoen.

Terreinverbeteringe:

Daar word in alle erns aan die dak oor ons vierkant gewerk. Ons is baie opgewonde oor die eindproduk en kan nie wag dat konstruksie voltooi word nie.



Personeel:

Ons begin met 'n nuwe ontvangsdame, mev. Annerie Schoeman. Die nuwe assistent vir die skoolhoof is mev. Madeleine Raubenheimer en mev. Riana Janse van Vuuren skuif na die SAU en sal daar as ontvangs- en admin-klerk dien.

'n Spesiale welkom aan mev. Annerie Schoeman wat nuut by ons begin. Ons hoop dat u tydperk verbonde aan ons skool 'n positiewe ervaring sal wees. Sterkte ook aan die twee ander dames wat nou in nuwe poste gaan optree.

Rapporte:

Die eerste kwartaal se rapporte word op Vrydag, 8 April uitgegee. Daar is heelparty uitdagings wat na vore kom en dis duidelik dat COVID 'n beduidende impak op die akademiese vlak van veral die junior leerders gehad het. Ons bly bekommerd oor die langertermyngevolge van aanlynleer en verlore skooldae wat manifesteer in die vaardigheidsvlakke van leerders met verwysing na basiese kennis. Lees-en rekenvaardighede is nie wat dit behoort te wees nie.

Lees-en rekenvaardighede word by die skool deur ons leesprogram (leeslaboratorium) en een ekstra Wiskunde periode per week onderlê. Dit is egter nie voldoende nie en ouers word versoek om leerders aan te moedig om by die huis te lees en hoofreken in te oefen.

Die skool gaan ook sy leerprogramme herevalueer en wysig soos moontlik om bekommernisse te onderlê. Ons sal mettertyd hierdie agterstande uitwis. Daar word ook algemeen voorspel dat hierdie verskynsel vir nog 'n hele paar jaar deel van ons beplanning sal wees.

Rapporte sal derhalwe die ware toedrag van sake weerspieël. GEEN aanpassings is gemaak nie. Ons senior leerders moet hulle ook deeglik vergewis van hul eie prestasie in vakke as 'n aanduiding van hul persoonlike vaardigheidsvlakke in elke afsonderlike vak. Dit is derhalwe 'n goeie maatstaf om te bepaal wat elkeen se plan van aksie moet wees om sy/haar akademiese doelwitte vir hierdie jaar te behaal.


Junie-maand word daar eksamen geskryf en 'n mens sou dan reeds vordering wou sien.

Slot:

Baie sterkte vir die kwartaal. Na 'n geweldige besige eerste kwartaal is daar nou groter fokus op akademie. Hoewel ons glo in 'n balans en dat leerders primêr in skool moet leer van die lewe en sy uitdagings (sukses, mislukking, tydsdruk, ens.), moet ons deurlopend kwaliteit aandag aan akademie bly gee. Dit is immers die kernaktiwiteit van elke leerder op skool.

Mag elkeen in hierdie kwartaal groei en met nuwe vaardighede en insigte die volgende vakansie tegemoet gaan.

Vriendelike groete.



P. Booyse